Publication: RapportGauteng (Sport)
Publication Date: 06 May 2018
Page: 13

AVE: 103785.22
Circulation: 41034
Part: 1 of 1







## Marizanne Kok gesels met **Steve Cornelius**

# Die prof in Caster se kryt



Prof. Steve Cornelius eergister aan die woord by Tuks se LC de Villiers-stadion in Pretoria. | FOTO: CHRISTIAAN KOTZE, SASPA

## Hy baklei vir sy eie en ander se dogters

Nee wat, sê maar net hoe ek moet *pose*, sê Steve Cornelius Vrydag vir die fotograaf terwyl hy hom tussen twee hekkies staanmaak op die blou tartan van Tuks se atletiekbaan.

"Ek het die vreemdste week van my lewe gehad. Iemand het al selfs dié week my ooghare gekam," lag hy tussen die gekliekkliek deur.

Dié regsproffie van Tuks se lewe is skielik 'n warrelwind sedert sy ope brief aan die ringkoppe van die IAAF die afgelope week waarin hy uit protes teen die nuwe testosteroonreël bedank het uit dié atletiekliggaam se integriteitskomitee.

CNN het vroeg in die week gebel, die *New York Times* ook. Donderdag was hy op Australiese radio, met 'n omroeper wat oor en oor gevra het of Suid-Afrikaners schadenfreude oor die krieket het. Daar is in Indië en Sri Lanka uittreksels uit sy brief gepubliseer, en in Argentinië.

"Kyk, ek het nou nie verwag as ek my *toys* uit die *cot* gooi, gaan die hele wêreld daaroor opruk nie. My plan was eintlik om 'n paar akademiese kollegas op te stook. My suster sê altyd, as jy jou hand opsteek, moet jy maar vat wat na jou kant toe kom. Ek het egter nie gedink ek steek my hand só hoog op nie," sê Cornelius Vrydag duidelik nog baie verbaas.

Cornelius is een van die wêreld se voorste kenners op die gebied van sportreg en was vier maande lid van die IAAF se integriteitskomitee.

Die *toys* wat hy gegooi het, was uit frustrasie met die IAAF se vasbeslotenheid om vroulike atlete in sekere items se testosteroonvlakke van November af tot 'n perk van 5 nmol/liter te beperk. Dit is 'n reël wat Caster Semenya, Suid-Afrika se langasemoorheerser, regstreeks raak en dalk haar loopbaan kan beëindig.

Maar hy het hom nie net daaroor uitgespreek oor hoe dit Semenya gaan raak nie, sê Cornelius. Hy het sy stem verhef ter wille van alle atlete, nou en in die toekoms, wat deur die regulasie geraak kan word.

"Dit was nie vir my 'n Casterding nie, hoewel sy vanselfsprekend in 'n ou se gedagtes is wanneer jy daaroor dink. Maar oor die algemeen voel ek die regulasie is verkeerd – hoe dit teen vroue werk – en die wetenskap daaragter is ook nie duidelik nie," sê Cornelius.

"Ek is nie 'n wetenskaplike nie, maar as regsgeleerde is ek geleer om die getuienis wat daar is, teen mekaar op te weeg. In hierdie geval is daar nie sterk getuienis vir die IAAF se argument nie.

"Die blote feit dat hulle dit in die eerste plek nodig vind om die regulasie in te bring, stuit my teen die bors, want iemand het eenkeer gesê, *if it ain't broke, don't fix it*.

"Ek wil weet wat is gebreek wat hulle hier probeer regmaak? En as jy na hul navorsing kyk, is die getal atlete met hoë testosteroonvlakke iets soos 7 uit 1 000. Dis statisties so onbenullig dat ek moet wonder hoekom hulle soveel energie daaraan bestee."

Cornelius sê hy het "einde Maart, begin April, toe dit duidelik word dat hulle weer regulasies wil instel, ernstig hieroor begin dink.

"Ek het na my dogtertjie gekyk en daaroor begin dink. Sy is nie in dié stadium 'n atleet nie, sy is 'n danser, maar miskien word sy wel 'n atleet wat eendag deelneem aan 'n item wat deur hierdie regulasie geraak word. En dalk word sy dan aan sulke toetse onderwerp en kom vra vir my: 'Pa, waar was jy, jy het dan met dié goed gewerk?' En nou kan ek ten minste darem vir haar al die opskrifte wys en vir haar sê daar was ek.

"As dit iemand anders se dogter is, wil ek kan sê ek het probeer doen wat ek kan. Om te wys dat hier 'n fout is."

Cornelius se tienjarige dogter, Andrea, het vroeër vanjaar spangoud by 'n nasionale kompetisie gewen, en verlede jaar silwer. Sy neem nou wel nie deel aan atletiek nie, maar sy is in 'n mededingende sport. Cornelius trek dus maklik parallelle tussen haar wêreld en dié van atletiek.

"Daar is een meisietjie teen wie sy nogal gereeld te staan kom. Soos ek dit verstaan het die kind se ma 'n dansskool, so sy het grootgeword in 'n dansskool. Die kind is fenomenaal, as ek haar sien, dink ek sy moet saam met professionele dansers dans, maar dan besef ek ook dis 'n voorreg om te sit en kyk hoe 'n tienjarige so kan dans.

"My dogter moet maar tweede of derde kom teen haar, want sy is net nie op dieselfde vlak nie. Maar ek gaan mos nou nie kla en sê hier is 'n kind met 'n onregverdige voordeel nie. Jy kerm nie oor sulke goed nie.

"In my eie lewe moes ek ook vrede maak met die verskille tussen ons as mense. Ek het gewigstoot, hamergooi en diskusgooi gedoen, maar op my 26ste verjaarsdag het ek daarmee vrede gemaak dat ek nooit een van die wêreld se bestes gaan wees nie. My teenstanders was net soveel groter as ek. Ek het ook gedroom daarvan om Olimpiese Spele toe te gaan, maar, om die woorde van 'n oudkollega te steel, toe het ek nie die talent nie," spot hy met homself.

> Wat as my dogter eendag vra, maar Pa waar was jy, jy't dan met dié goed gewerk.

"Dit is die punt, is dit nie? Elite-sport is eenvoudig nie vir die gemiddelde ou nie. As dit was, het ons almal Olimpiese Spele toe gegaan."

As 'n regsman wat al 11 jaar by die departement van justisie gewerk en hoofsaaklik wetgewing opgestel het, sien Cornelius baie leemtes in die IAAF se jongste regulasies.

" 'n Atleet mag byvoorbeeld steeds plaaslik deelneem sonder om haar testosteroon te verlaag. Maar wat gebeur as sy 'n wêreldrekord opstel? Die regulasie sê nie. Ons kan in teorie met dié nuwe reël die absurde situasie hê dat die SA rekord eendag hoër is as die wêreldrekord."

Cornelius sê hy was verheug om Donderdag te hoor Atletiek Suid-Afrika gaan vir Semenya baklei by die IAAF.

En sou hulle daarna steeds by CAS (Internasionale Hof vir Sportarbitrasie) moet gaan appelleer, sal hulle 'n baie sterk saak hê.

"Regtens, as jy 'n besluit neem, moet jy 'n rede daarvoor gee, en jou besluit moet ooreenstem met jou rede. So nou gee die IAAF 'n stuk navorsing as rede vir sy besluit, maar die hamergooi en die paalspring, die twee items wat in hul navorsing die hoogste uitgestaan het, word uitgesluit van die regulasie. Die oomblik dat jy dít doen, is jou besluit irrasioneel. Dan is daar ook die feit dat die regulasie sekere aspekte van die Verenigde Nasies se beleid rondom bio-etika en menseregte oortree."

Cornelius sê hy is verheug daaroor dat hy nie 'n alleenstem in die woestyn oor hierdie saak is nie. "Ek het nog nie van veel mense gehoor wat die IAAF probeer verdedig nie," sê hy.

"Ek hoop regtig dit gee atlete wat hierdeur geraak word, atlete soos Caster en ander, 'n warm gevoel om die hart om te sien hoeveel steun daar vir hulle is."

## IAAF-baas: 'Ons het 15 jaar hieraan gewerk'

Die IAAF se president, Sebastian Coe, het Vrydag gesê ondanks wêreldwye kritiek op die atletiekorganisasie se nuwe reël rakende testosteroonvlakke, glo hy en sy kollegas steeds dit is "gepas vir die sport".

Dié regulasies wat van November geld, sal vroue in die 400 m, 400-hekkies, 800 en 1 500 se testosteroonvlakke beperk. Coe, wat op sy dag self 'n uitstekende middelafstand-atleet was en twee Olimpiese titels in die 1 500 gewen het, sê die besluit om vroue te reguleer, volg ná jare se harde werk.

"Die regulasies is duidelik en is ingestel ná 15 jaar van wetenskaplike navorsing," het Coe volgens AFP gesê.





Sebastian Coe

"Mense maak die fout om te dink ons het die besluit geneem op grond van een spesifieke stuk navorsing. Daardie navorsing is gedoen nadat ons 'n spesifieke vraag gevra is oor die impak van testosteroon op prestasie. Maar ons het 15 jaar se werk hieroor agter ons, en dit was genoeg om die IAAF-raad op sy gemak te plaas oor die regulasies."

Die regulasies, wat verlede week aangekondig is, is oor die wêreld heen gekritiseer en baie negatief begroet in Suid-Afrika.

Atletiek Suid-Afrika (ASA) het Donderdag gesê hy is bereid om die regulasie by CAS te gaan beveg as sy beplande dialoog daaroor met die IAAF nie die gewenste uitslag het nie. Die land se atletiekbase het die reël beskryf as 'skeefgetrek' en gesê hy staan agter alle atlete wat daardeur geraak word.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.